
'n Evaluering van en antwoord op kritiek teen die Apostolicum

Pieter Verster

Fakulteit Teologie

Universiteit van die Vrystaat

Bloemfontein

versterp@ufs.ac.za

Abstract

An evaluation of and reply to criticism of the Apostolicum

*In churches all over the world, and also in South Africa, many confess their faith every Sunday with the Apostolicum or Twelve Articles. The latter are regarded as articles of the Christian faith based upon the proclamation of the apostles. Recently, Julian Müller's book, *Geloofsgesprekke in die Tsitsikamma* (2022), loosely translated as 'discussions about belief in the Tsitsikamma', received attention in this regard. Müller challenges the concept that the Twelve Articles as a comprehensive confession are still relevant and acceptable. Further, Müller challenges beliefs pertaining to God as the Almighty Creator, Jesus' resurrection, and other confessions of the Christian faith. The main reason for the suggestion that these confessions cannot be accepted, in his opinion, is because of the fact that we currently live with a new world view far different from that of Biblical times. He states that the cosmology of the ancient world has changed; a new cosmology is now present. In that sense, theism should be rejected; one should rather refer to panentheism. Müller's views are steered by his post-foundationalist hermeneutics. This paper takes an oppositional stance to Müller's position by emphasising the confession that God is an Almighty, loving Father and also that Jesus' victorious resurrection from the death on the cross has meaning for all. This means that one should take into cognisance the wonders of God and of the gospel and proclaim it anew in a modern world. One should not regard*

the Twelve Articles as obsolete, but regard them as still very relevant in the world in which we live.

1. Inleiding

In talle kerke, ook in Suid-Afrika, word die *Twaalf Artikels* of die *Apostolicum* elke Sondag in die openbaar bely. Die lidmate van kerke vereenselwig hulself met die inhoud van die *Apostolicum* en beskou dit as die grondslag van hul geloof. Hierdie oortuiging kom van baie ou getuïenisse dat die *Apostolicum* dateer uit die vroeë geskiedenis van die kerk. Die geskiedkundige wortels van die *Twaalf Artikels* en individue se vereenselwinging met die inhoud daarvan toon dus aan dat die ontstaan en betekenis van die *Apostolicum* vandag nog relevant is. Hierdie relevansie word egter in Julian Müller se onlangse boek, *Geloofsgesprekke in die Tsitsikamma (2022)*, in twyfel getrek deurdat die outeur op elke punt van die *Apostolicum* vrae stel. Dit is natuurlik só dat daar deur die jare altyd vrae oor die *Apostolicum* was. Teoloë en kerkmense het gewonder oor die betekenis daarvan en of dit werklik die Christelike geloof noodwendig korrek uitdruk – is dit dus werklik geskoei op die apostels se leer soos beweer word? Benewens die vraag van die *Apostolicum* se relevansie onder huidige wêreld-omstandighede is daar dan ook die vraag van getrouheid aan die leer van die apostels. Om hierdie vrae te ondersoek moet die oorsprong en ontwikkeling van die *Twaalf Artikels* dus nagegaan word en kritiek daarteen oorweeg word. Hierdie oorsig vorm die eerste afdeling van dié artikel. Ten tweede debatteer hierdie artikel die stelling of die *Apostolicum* ’n essensiële uitdrukking van die Christelike geloof of ’n agterhaalde belydenis is. Daar moet veral gevra word of die apostoliese wêreldbeeld nie só agterhaal is dat die belydenisse in die *Apostolicum* ook agterhaal is nie. In hierdie skrywe word daar intensief na die belydenis element met spesifieke emfase na die vraag of die verskil tussen die antieke- en hedendaagse wêreldbeeld die *Apostolicum* se betekenis verwater.

2. Die *Apostolicum*: ontstaan en vroeë belydenis

Die geloof in die Trinitariese God spreek tot getuïenisse wat vroeg in die kerkgeskiedenis gevind word. Die ou Romeinse simbool, die vroeë belydenis wat deur die Romeinse kerk as ’n doopformule gebruik is in ongeveer die 4^{de} of 5^{de} eeu (Heick, 1973:88), is inderdaad die voorganger van die *Apostolicum*.

Die ou Romeinse simbool is die eerste keer deur Marcellus van Ancyra in 348 aangehaal, en later weer deur Rufinus in 400 (Heick, 1973:88). Die gebruik van 'n voorgangersimbool dui dus op 'n vroeë ontwikkelingsgang totdat die Apostolicum vasgelê is. Alhoewel daar getuienis gelewer word dat die Apostolicum geskoei is op die oorspronklike leer van die apostels, is dit so dat daar ook ontwikkeling was.

Dit is vir Kelly (1972:8-9) van kritieke belang om te beskryf dat belydenis van die vroegste tyd af plaasgevind het, en dat belydenisse 'n sentrale rol in kerke gespeel het. Ook in die Skrif kom daar reeds vanaf die vroegste tye belydenisse aangaande Jesus voor deur die tradisie wat na vore kom.

Ook by Paulus is daar verskillende uitdrukkings van die geloof, wat die vroegste vorme van geloofsbelydenisse was wat in die kerk na vore kom. Kelly (1972:13) skryf:

Two points in this connection [are] worth noticing. First, these beginnings of chrySTALLIZATION did not take place haphazardly. They were provoked by particular situations in the Church's life. Particular occasions lent themselves to the exposition or declaration of Christian doctrine: they called for something like a creed.

Hy wys verder daarop hoe belydenisse na vore gekom het in die liturgie en die liedere wat gesing is, deur die leiers wat die gemeenskap wou dien en ook in die teenwoordigheid van die wêreld waarin hulle leef (Kelly, 1972:14). Van verdere belang is die Christologie asook, vir Kelly (1972:19; 23-24), die kerugma van die getuienis en die bepaalde riglyne wat met getuienis verband hou wat vroeg reeds voorgekom het.

In ander gevalle word die oorsprong van die belydenis egter teruggevoer tot ongeveer 100 jaar ná Christus. Andere weer meen dat dit beslis tot die derde eeu teruggevoer kan word. Heick (1973:88) verwys na die teks van die ou Romeinse simbool wat, in Afrikaans vertaal vanuit Heick se Engels, soos volg kan lees:

Ek glo in God die Vader die Almagtige en in Jesus Christus sy enigste Seun ons Here wat gebore is deur die Heilige Gees deur die Maagd Maria, wat gekruisig is onder Pontius Pilatus, begrawe is en op die derde dag uit die dood opgestaan, opgevaar na die hemel, sit aan die regterhand van die Vader van waar hy sal kom om te oordeel die lewende en die dooie, en in die Heilige Gees en die vergifnis van sonde, en in die opstanding van die vlees.

Ten spyte van die Romeinse kerk se gebruik van dié belydenis as doopformule, soos reeds genoem, het verskeie veranderinge egter ook voorgekom. Dit is wel betekenisvol om te weet dat hierdie belydenis veral van belang was by die onderrig van voornemende dopelinge (Lohse, 1978:34). Te midde van

toenemende spanning tussen die Ariane en die kerk van Rome circa 325 het die kerk van Rome egter besluit om Nicea se belydenis in plek van die ou simbool te gebruik as antwoord teen die Ariane; drie eeue later is die Apostoliese belydenis en die doop weer gebruik en vasgelê (Heick, 1973:89). Die teks van die *Apostolicum* is eers later bevestig. Litfin (2021:545) skryf dat die teks soos dit vandag geken word eers in gedrukte vorm in Melchior Hittorp se boek, *Kanon van Kologne se katedraal* (1568), voorkom. Dié teks kom egter wel vroeër voor by die Merovingiaanse monnik St. Pirmin in die vroeë 700s.

Kelly (1972:94) wys dan ook daarop dat die ou Romeinse belydenis later ontwikkel het in die *Apostolicum* en dat die betekenis van laasgenoemde só na vore gebring is. Hy wys daarop dat daar nie baie belydenisse in die Nuwe Testamentiese periode is nie, maar dat daar vasgestelde voorbeelde is van hoe die belydenis opgebou is. Daar is nie uitdruklik gesê dat dit die belydenis van Rome is nie, maar dit het van die vroegste tye af implikasies gehad. Kelly (1972:166) sluit soos volg af:

The clearest proof of the authenticity of the Old Roman Creed lies in the way in which, while some of its clauses have received a sharper definition and others a heightened emphasis from the controversial atmosphere of the second century, they one and all hark back [to] the primitive kerygma of the apostolic age.

Die verhouding tussen die ou Romeinse simbool en die belydenis is steeds besonder moeilik om vas te stel. Die huidige vorm van die *Apostolicum* is eers in die 7^{de} eeu in Suid-Frankryk vasgestel. Dit beteken egter nie dat daar nie wesenlike waarhede in hierdie wyse van begroning van die *Apostolicum* is nie. Dit is wel nie identies aan die ou Romeinse simbool nie en ’n paar addisionele frases is ingevoeg.

Ek glo in God die Vader, die Almagtige en Jesus Christus sy enigste seun, gebore uit die maagd Maria wat gekruisig is onder Pontius Pilatus en begrawe is, die derde dag het hy opgestaan uit die dood, opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van God van waar hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het. Ek glo in een heilige algemene Christelike kerk, die vergifnis van sondes en die opstanding van die vlees, en die ewige lewe.

Toom (2022:159) wys daarop dat dit die oortuiging was dat die Christelike/ apostoliese kerugma (Gal 1:11-12; 1 Cor 11:23), soos die Skrif self bevestig, die belydenis ook geïnspireer het, omdat die opsomming van die Skrif ook ewe waar is. Soos Loman (2020:216) bevestig: “[o]verall, the history of the Church attests to the development of the creeds as a significant process whereby Church doctrine expresses the theological truths of the faith”. Dit is

verder ook van belang dat die belydenis nie die Skrif vervang het nie, maar wel die kerklike dogma op betekenisvolle wyse bepaal het (Lohse, 1978:35).

3. Interaksies met die *Apostolicum*

Verskeie teoloë, o.a. Barth (1962), Pannenberg (1972), Küng (1993) en, meer onlangs, Gonzales (2007) en Jenkins (2010), beredeneer die huidige betekenis van die *Apostolicum*. Om die volle implikasies van die *Apostolicum* te hanteer word hier 'n kort oorsig oor hul werk gebied om die hoofsaake waarom dit handel uiteen te sit.

3.1 *Karl Barth*

Vir Barth (1962:1-10) hang die *Apostolicum* saam met geloof. Dit is egter nie by hom 'n vae oortuiging van God se bestaan en van Jesus as Middelaar nie: geloof is die waarneming van die openbaring van God en die erkenning van sy waarheid. Geloof is egter ook 'n daad van belydenis en die onderwerp van die belydenis is die kerk. Die belydenis is 'n konkrete, historiese beslissing, 'n 'ja' van God teen die 'nee' van die wêreld. In die belydenis buig die kerk voor God wat daartoe lei dat die kerk se getuienis uitgaan in die wêreld. Daarom is die belydenis geen geringe saak nie.

3.2 *Wolfhart Pannenberg*

Wolfhart Pannenberg (1972:1-14) vra ook of 'n mens nog in God kan glo en of die *Apostolicum* steeds aanvaar kan word in hedendaagse tye. Pannenberg (1972) meen dat doopgeloof en geloofsbelydenis reeds lank saamhang en steeds van belang is. Wanneer dit oor geloof handel is vertrou die sentrale saak; hierdie twee aspekte hang saam met die werklikheid van Jesus se lewe. Vertroue en geloof rig 'n mens ook op God as onsigbare werklikheid en toon op die oortuigings waaraan ons vashou, soos die vergifnis van sonde. Hierdie vertrou word in die *Apostolicum* gekenmerk deur die volledige oorgawe aan God die Vader, Jesus en die Heilige Gees.

3.3 *Hans Küng*

Die eise van die moderne wêreld word ernstig deur Hans Küng (1993:7-11) opgeneem. Vir hierdie teoloog is die vraag of 'n mens nog in God kan glo of enigsins kan bewys dat Hy bestaan. Die werklikheid van God is egter so heerlik dat geloof in Hom nie bloot geloof in die afgod van sigbare empiriese waarneming is nie. Wanneer geglo word, word nie in die Bybel geglo nie, maar in die Een waarvan die Bybel getuig. Daar word nie in die tradisie

geglo nie, maar in die Een wat dit bepaal, nie in die kerk nie, maar in die Een waarvan die kerk getuig. Die geloof is in God en die credo getuig daarvan.

3.4. *Justo Gonzáles*

Justo Gonzáles (2007:7-8) wys daarop dat verskeie gelowiges nie meer die volle *Apostolicum* kan of wil bely nie omdat dié belydenis teenstrydig met hul persoonlike geloofsoortuigings is. Hy noem egter dat die *Apostolicum* nie ’n persoonlike belydenis is nie, maar een wat deur die kerk gedra word en waarin die essensiële aspekte van geloof bely word. Dit is immers nie ‘my’ belydenis nie, maar die belydenis van geloof deur die kerk wat die identiteit van die kerk lank reeds bepaal het en nog steeds bepaal. Die eenheid in belydenis word daarin gevind.

3.5 *Robert Jenson*

Robert Jenson (2010:11-18) wys daarop dat kanon en belydenis saamhang en verduidelik die ingewikkelde aard van dié wedersydse verhouding. Kanon is nie noodwendig nie en die credo volg op ’n gelowige erkenning van God. Die *regula fidei* was oorspronklik die oortuiging wat die gemeente bepaal het en later by die doop deur die *Apostolicum* aangedui is. Dit is juis deur die getuienis by die doop dat God die Vader en die Seun en die Heilige Gees as die een ware God optree. Só verkry die *Apostolicum* steeds betekenisvolle waarde.

4. Die sentrale vraagstuk rakende die *Apostolicum*

Bogenoemde oortuigings vind aansluiting by die hoofsaake wat Müller in *Geloofsgesprekke in die Tsitsikamma* (2022) aanroer. Daar is veral vier sake wat na vore kom, naamlik die wêreldbeeld of kosmologie in die eerste plek, ten tweede die hermeneutiek, derdens die Godsbeeld, en laastens die opstanding van Jesus Christus.

4.1 *Die antieke wêreldbeeld*

Müller (2022) se hoofargument teen die huidige aanvaarding van die belydenisse in die *Apostolicum* is dat dit op ’n antieke wêreldbeeld berus. Hy voer aan dat ons wêreldbeeld tans radikaal anders is en dat die belydenis dus nie meer geldig is nie of aangepas en heroorweeg moet word. Die antieke wêreldbeeld het die werklikheid in drie vlakke verdeel: die bestaande aarde, die hemel bo die aarde en die waters onder die aarde. In die hemel sou ons ook die gode vind. Onder die aarde kom sjeol of die onderwêreld

ook voor. Daar bevind die dooies hulle. Die antieke wêreldbeeld was ook die wêreldbeeld van die vroeë Christene.

In 'n gesprek met 'n ander persoon argumenteer Müller (2022:61) soos volg oor sy persepsies rakende die teenstrydige antieke en hedendaagse wêreldbeelde:

Die punt is dat al hierdie tradisionele beelde oor God ontwikkel het uit 'n bepaalde voor-Verligting wêreldbeeld, die sogenaamde drie-laag wêreldbeeld. Dit veronderstel 'n plat aarde wat op pilare gevestig is met 'n onderste laag, die doderyk, en 'n boonste laag bokant die blou koepel, waar God woon en vanwaar alles beheer word. Intussen dink ons egter nie meer so oor die wêreld rondom ons nie. Ons het, as gevolg van wetenskaplike ontdekkings, 'n heeltemal nuwe geïntegreerde wêreldbeeld ontwikkel. En of ons dit nou wil erken of nie, die ewolusie teorie het die idee van God wat in ses dae geskep het, heeltemal ondergrawe. Dit beteken nie dat God as sodanig ondergrawe word nie. Wel die teïstiese konsep van God. Nou moet ons in heeltemal ander metafore en kategorieë oor God begin dink en praat as ons die kloutjie by die oortjie wil kry. Hierdie nuwe maniere van dink, praat is vaag onduidelik, maar gee waarskynlik meer erkenning aan die Groot Misterie.

Vanuit hierdie opvatting word 'n duidelike beweging na die gedagte van die panenteïsme waargeneem, waar panenteïsme verwys na die oortuiging dat God en die wêreld onderling aan mekaar verwant is: God is in die wêreld en die wêreld in God (Culp, 2023). As 'n toenemend populêre alternatief tot klassieke teïsme, skryf Culp (2023), benadruk panenteïsme die wêreld se invloed op God, waar klassieke teïsme die verskil tussen God en die wêreld beklemtoon en die suggestie dat die wêreld God beïnvloed verwerp. Om verder op die begrip panenteïsme uit te brei kan verwys word na die huidige wêreldbeeld wat onder etlike wetenskaplikes voorkom, naamlik dat ons bestaan op aarde omring word deur 'n magtige uitpansel van hemelligame. Die aarde is klein in die heelal. Die sterre-hemel en die planeete-hemel is onnoemlik groot. Die ontstaan hiervan was as gevolg van 'n natuurlike gebeure. Die hemel is nie die woonplek van gode nie, maar daar is oneindige sterreliggame, hemelliggame en vele onkenbares teenwoordig. God of die gode moet liefies nie erken word in die immanente wêreldbeeld nie.

Diégene wat die *Apostolicum* anders wil interpreteer verwerp die antieke wêreldbeeld en meen dat 'n nuwe interpretasie nodig is. Müller kies panenteïsme as raamwerk om die nuwe wêreldbeeld te interpreteer en die Skrif steeds relevant te maak. Die vraag is of die erkenning van die antieke wêreldbeeld van die vroeë Christene die aanvaarding van die belydenisse ongeldig maak. Is God nog die Skepper van hemel en aarde as anders oor die ontstaan en ontwikkeling daarvan gedink word? Kan die maagdelike

ontvangenis nog erken word of moet dit as agterhaal beskou word? Is Jesus die Here of bloot ’n profeet? Is die opstanding van Jesus en van gelowiges ’n werklikheid? Sal Jesus weer kom om te oordeel? Is die belydenis dat Hy gaan sit het aan die regterkant van God nie geheel ahistories nie? Is die belydenis van sonde vergifnis en van die werklikheid van sonde nog moontlik in die huidige wêreld? Hierdie vrae is maklik beantwoordbaar met verwysing na die antieke kosmologie wat op die sogenaamde drie-vlakwerklikheid berus. Die gode bewoon die boonste vlak. Wanneer hierdie kosmologie bevraagteken word, word die erkenning van ’n Godheid ook bevraagteken.

Die huidige kosmologie hoef egter geensins die verwerping van God in te sluit nie. Die heerlijkheid van God is veel groter as die aanvaarding dat Hy daar bo bestaan. In die Bybel juig die Psalms oor sy heerlijkheid en Paulus laat geen ruimte vir gode op die berg Olympus nie. God is veel groter. Die antieke wêreldbeeld wat vervang word met die huidige ná-Verligting ‘wetenskaplike’ wêreldbeeld vervang nié die belydenis aangaande God as Vader (teïsme) nie. Die rede hiervoor is omdat dit steeds onomwonde bely kan word in die onmeetlike uitspannel dat God groter as alles is (*cf.* Psalm 148). Sy heerlijkheid word in die Bybel beklemtoon deurdat selfs die sterre hom verheerlik. Die nuwe wêreldbeeld verwerp nie, maar bevestig juis God se heerlijkheid. Kan die leer van evolusie, byvoorbeeld, nie juis hierdie standpunte omverwerp nie? Ten spyte van verskeie tekortkominge in die bewyslas van evolusie en die totale onvermoë om met die menslike beperktheid sinvolle bewyse oor miljoene jare gelede te gee, moet aanvaar word dat daar inderdaad ontwikkeling was. Hoe presies en watter ontwikkeling bly in geheimenis gehul. Die wonder van hierdie geheim is egter dat God dit alles in diens kan neem. Die bestaan van God hoef nie uitgekakel te word in die aanvaarding van sekere ontwikkelings nie. God se almag en grootheid word juis bevestig deurdat Hy sulke ontwikkelingsprosesse in diens neem.

4.2 Die hermeneutiek en die belydenis

Naas die kosmologie is die hermeneutiek van essensiële belang wanneer ’n mens wil bepaal hoe ’n klassieke teks soos die *Apostolicum* bestudeer en ontleed moet word, synde dat hermeneutiek spreek tot die bevestiging van maatreëls waarvolgens ’n teks geïnterpreteer word. Verwant aan die hermeneutiek, en ewe belangrik, is eksegetiese, oftewel interpretasie van die teks om die betekenis bloot te lê. Met hierdie ondersoek na die *Apostolicum* is vernaam die wyse van eksegetiese van belang. Eksegetiese ondersoek het beweeg van gewoon die letterlike lees van ’n teks tot allegoriese interpretasie. Ná die Verligting volg historiese kritiek, bronnekritiek, vormkritiek en redaksiekritiek (vir ’n oorsig, sien Marshall 1977:75 e.v.). Gooder (2009:XX)

wys op die implikasies van die ontwikkeling van eksegetiese rakende die vraag na die betekenis van die teks vanaf die teks se ontstaan tot die lees daarvan vandag. Tolmie (1999:64 e.v.) beklemtoon die narratiewe beoordeling van die teks en die verdere belang van die narratologie vir die verstaan van Bybelse tekste. Modernistiese eksegetiese sentreer die rasonale mens in die beoordeling van die teks (Thiselton, 1977:308 e.v.), terwyl postmoderne evaluering ruimte laat vir 'n veelheid van interpretasies. Poststrukturealisme en postfundamentalisme beweeg verder en wil die betekenis van die teks anders beoordeel. Soos Müller (2011:2) verduidelik:

The postfoundationalist approach is sensitive for both the danger of relativity and subjectivity in a multiverse rationality and of the rigidity and false claims of the universal rationality. Therefore, it consists of an effort to move beyond both foundationalist and nonfoundationalist claims. For that reason, it is called post-foundationalism and not anti-foundationalism or non-foundationalism.

Müller (2023:5) bevestig sy standpunt verder soos volg:

Theology, with its age-old foundational paradigm, is still trying to recover from the shockwaves of postmodernism. Theologians are so well-trained in the business of propositions that the antifoundational or relativistic trends of postmodernism remain a strange environment and we are struggling to adapt to it. With this process of adapting to new times and ideas, one of the most exciting developments in philosophy and theology is what we can refer to as a 'third way', which is different from the foundational approach and different from the relativistic approach. This third way is known as the postfoundational approach. It is an effort to move beyond the modernistic boundaries of practical theology as a very formal, rationalistic venture. On the other hand, it is also an effort to avoid the relativism of antifoundationalist theories.

Dit is duidelik dat Müller 'n filosofiese uitgangspunt kies en 'n postfundamentalistiese standpunt inneem. Daarmee saam kies hy om die begrip 'ubuntu' as grondslag van sy uitgangspunt vir sy filosofiese benadering te gebruik. In 'n onderhoud met prof. Juanita Meyer verduidelik hy (2024:6):

The final turn was towards the theme of "Ubuntu", which was a homecoming of sorts. This five-year project resulted in eleven master's and doctoral students publishing different perspectives on Ubuntu, numerous publications in academic journals, and the book *Unfolding narratives of ubuntu in Southern Africa* (Routledge, 2019). Throughout this journey, I experienced each turn not as a departure from the previous but instead as a discovery of even more possibilities within the narrative paradigm.

Dit het diepgaande implikasies vir lees van die *Apostolicum*. Hy kan egter nie om daardie rede diegene wat die *Apostolicum* as betekenisvolle teks huldig verwerp nie. Sy filosofiese uitgangspunt kan dus ernstig bevraagteken word.

Müller (2013:4) sluit af deur te sê:

This way of thinking is always concrete, local, and contextual, but at the same time it reaches beyond local contexts to transdisciplinary concerns. It is contextual, but at the same time in acknowledgement of the way in which our epistemologies are shaped by tradition.

Die tese van hierdie artikel is juis dat die verskuiwing in die wêreldbeeld en hermeneutiek in die rigting van postfundamentalisme nié die belydenisse in die *Apostolicum* ongeldig maak of agterhaal nie. Fundamentalisme, en nie fundamentalisme nie, kan nie vanuit ’n evangelies-gereformeerde beskouing bloot verwerp word nie. Hierdie beskouing gaan uit van die Bybel as die Woord van God, *Sola Scriptura*, dat die lees van die Bybel steeds sinvol is, en dat die Bybel steeds grondig, selfs direk, kommunikeer in die moderne tyd.

4.3 Die almagtige Vader

Game (2021:253) beklemtoon juis hier aan die begin van my reaksie op God se grootheid:

The Word of God, the Bible from the beginning to the end, describes God as the Creator of the World, who created everything out of nothing ‘ex nihilo’. God is the primary and fundamental reality with reference to which all of creation is oriented and understood.

Reeds aan die begin van die Twaalf Artikels bevestig die *Apostolicum* dat God as die Vader, die Almagtige erken word, met die primêre klem op God as Vader (Kelly, 1972:8-9; 132). Die skeppingsmag van die Vaderskap van God word beklemtoon saam met sy majesteit, transendensie en soewereiniteit (Kelly, 1972:139). Rúa Penagos en Toro Jaramillo (2020:6) skryf:

The meaning of the first article on the content of the Christian faith in recent theological work shows a tendency to imagine the existence of God, a God who is perceived, preferably, from the Judeo-Christian tradition as creator, foundation of everything that exists.

Rakende die eerste artikel opper Müller (2022) etlike vrae oor die Almagtige God: is daar werklik ’n God? Is die Godsbeeld agterhaal? In verband met laasgenoemde argumenteer hy dat die Godsbeeld van God, die Skepper van hemel en aarde en as persoonlike God, agterhaal is; hy stel dan die panenteïsme voor as die wyse waaroor daar oor God gedink moet word. Bykomend tot wat vroeër in hierdie artikel oor die panenteïsme genoem is, is die oortuiging dat God homself in die natuur bevind en dat hy nié ’n almagtige Vader is nie. In daardie sin moet ’n mens dan begryp dat hy nie heeltal in beheer is van al die dinge wat op aarde gebeur nie; daarom

moet skepping en evolusie ook anders met mekaar in verband gebring word (Müller 2022:47). Aangesien evolusie as onomwonde feit geponeer word, word Müller voor ernstige vrae rakende die skepping gebring en plaas hy 'n vraagteken oor die belydenis dat God almagtig is.

Müller is nie alleen in sy verwerping van God as Almagtige Vader nie. Verskeie soortgelyke argumente teen die aanvaarding van God as Almagtige Vader sien elders só daarna uit:¹

- Die belydenis van die Vaderskap van God is 'n onaanvaarbare gender-saak. Manlike chauvinisme word daardeur bevestig.
- Onaanvaarbare manlike gedrag word daardeur voortgesit.
- Die wonder van die moeder word daardeur misken.
- Die belydenis aangaande die almag van God bevestig geweld in die wêreld. Die skuld van die ellende word voor God se deur gelê.
- As God almagtig is, waarom gryp Hy nie in en bring vrede nie?
- 'n Almagtige God kan nie 'n God van liefde wees nie.
- God se almag is 'n inherente teenstrydigheid. Niemand en niks kan tegelyk almagtig en nie-almagtig wees nie.
- Evolusie het nou reeds aangetoon dat God nie die Skepper is nie.

Daar is egter fundamentele probleme aan hierdie standpunte verbonde. Die eerste hou verband met die Vaderskap van God. Daarmee moet duidelik gestel word dat dit nie 'n gender-saak is nie, maar dat God as Vader openbaar word in die Bybel as 'n persoon, 'n liefdevolle Vader (Joh 5:19-23). Sarot (2016:3) skryf:

Thus, while Jesus' use of the term 'Father' may be taken to be relatively gender-neutral, the Hellenistic use of the term 'Father' for the Creator needs the maleness of the metaphor – and both backgrounds jointly resonate in the Apostles' Creed. In later interpretations, the fact that 'Father' in the Apostles' Creed also means 'Creator' was almost entirely forgotten.

Indien 'n mens God se almag en heerlikheid verskuif na 'n begrip van die Godheid as 'n mag in die natuur, 'n panenteïstiese mag wat ons kan erken maar wat nie vir ons betekenis as Vader het nie, verskuif ons inderdaad vanuit 'n bestaanswerklikheid na 'n moontlikheid van onsekerheid. Norris (2004:32) dui juis aan dat God as Almagtige die werklikheid begrond en steeds die skepping voltooi. Die soeker, 'n gepreksgenoot van waarna Müller verwys is dus inderdaad onseker. Die Bybel wil 'n mens juis aan die Vaderskap van God verbind deur die liefde van God en die feit dat God as Vader optree. Norris (2004:30) noem verder dat die Vaderskap van God nou saamhang

¹ Kyk Barron (2023) vir 'n uiteensetting van die vraag of God ook as moeder aangedui kan word.

met sy liefde vir die Seun. Hierdie verhouding word ook een tussen kind en Vader en bring eeue reeds groot vrede vir die kerk. Daarom kan met groot oortuiging bely word: ek glo in God die Vader, die Almagtige Skepper van hemel en aarde.

Küng (2010:93) verduidelik dat geloof in God nie slegs berus op die aanvaarding van sy woorde of die erkenning van sy bestaan nie, maar ook op die verbinding van jou hele wese aan God. God gee sin aan die eindige bestaan. Geloof in God is ‘beyond reason’ maar nie ‘irrational’ nie. Die evolusionêre benaderings moet ook op ’n ander wyse verstaan word. Nêrens kon die evolusionêre benadering nog die gedagte dat God werklik die oorsprong van alles is verkeerd bewys nie. Hoppe (2004:45) dui aan dat God se soewereiniteit oor sy hele skepping juis aandui dat Hy goed is. Dit is inderdaad so dat die evolusionêre benadering baie sake na vore bring van hoe dinge kon ontwikkel het, maar dit kan nie die oorsprong van die dinge van God se ingrype wegneem nie. Geloof in God as Vader maak juis ware lewe moontlik, maar gee ook sin aan die tydelike bestaan én rig op die ewigheid.

4.4 Die opstanding

Die mees pertinente vraag wat Müller (2022) vra is of die *Apostolicum* vandag nog aanvaar kan word. Die gebruik van die komma in spesifieke dele van die belydenis is vir hom kommerwekkend, omdat dit vir hom op die uitwissing of afwesigheid van kritiese inligting dui. Müller bevraagteken die weinige getuie van die lewe van Jesus Christus in die *Apostolicum*: daar word gepraat oor Jesus se sterwe, dood en opstanding, maar die konomiegebruik in die tweede artikel dien as ’n soort plaasvervanger vir die lewe van Jesus Christus. Dit is vir Müller (2022) ’n groot weglating gegewe die belang van Jesus Christus se lewe.

Müller (2022:5) se vraagstuk hou verband met die tweede artikel van die Apostoliese geloofsbelydenis, wat lui:

(Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here), wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria, wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het,

Volgens Müller (2022) kom hier ’n baie duidelike weglating aangaande die lewe van Jesus Christus en hy is van mening dat daar baie meer oor die lewe van Jesus Christus gesê moet word. Nuwer belydenisse, soos die *Barmen-verklaring* in Duits van 1934 en die *Belydenis van Belhar* van 1982 wil dan ook die lewe van Jesus Christus grootliks beklemtoon (Müller, 2022:9).

Daar is egter meer as leestekens by hierdie kwessie ter sprake. Daar word ook gevra na die betekenis van die verklaring aangaande God. Müller (2022:8) verwoord dié vraag oor die persoon van Jesus en sy dood in die lig daarvan dat mense nie kan aanvaar dat Jesus vir hul sonde gesterf het nie. Daarby vra hy ook: is God werklik daar? Bestaan God? Wie is God en is God deel van die natuur? Burridge (2004:55) maak 'n uiters belangrike stelling ten opsigte van die belydenis dat ons in Jesus as eniggebore Seun van God ons Here glo:

This phrase takes us not just to the heart of the Creed, but to the very center of the Christian faith. It also makes it distinctive, and gives Christianity its very name. The previous statements – regarding faith in God as Father and creator – marks us out as theists, even monotheists, in beliefs shared in some ways with Islam and Judaism. But this article sets out the profoundly Christian dimension of faith, that this creator, father God is revealed in the person of Jesus of Nazareth – and conversely that Jesus is no less than God himself.

In hierdie verband kan 'n mens egter steeds vra wat die betekenis van die opstanding is. Müller (2022) praat van die opstanding as metafores omdat hy verskille in die aanbieding van Jesus se opstanding in die evangelies opspoor. Hy is ook nie alleen in sy skeptisisme nie. John Dominic Crossan se benadering tot en verwerping van die liggaamlike opstanding, byvoorbeeld, word breedvoerig deur Schweitzer (2012) verduidelik. Bondige punte uit die literatuur wat tot dieselfde aspekte speek sluit in:

- Die liggaamlike opstanding is wetenskaplik onmoontlik.
- Dit is 'n miskennis van Jesus se mensheid.
- Dit is bloot mitologie.
- Dit moet verstaan word as 'n geloof wat spruit uit die dissipels se poging om sin te maak uit Jesus se dood.
- Die geloof in die opstanding berus op die interpretasie van die bronne in die tussentestamentêre tyd (Die Boek van die Makkabeërs) wat die lyding probeer beantwoord deur die hoop op die opstanding van die dooies; die opstanding gebeur egter nie werklik nie.
- Die liggaamlike opstanding is 'n metafoer en moet as sulks benader word.

Laasgenoemde punt skakel duidelik met Müller (2006:75) se mening dat die opstanding nie as fisies beskou moet word nie. Dit is 'n metaforiese geheimenis en, alhoewel hy hom vereenselwig met formulering van die belydenisse, verstaan hy dit geheel anders. Hy beweer ook dat die opwekking van Lasarus geheel anders as dié van Jesus is (2006:98). Samevattend skryf hy (2006:103):

Op hierdie punt is daar ten minste raakpunte tussen die evangelie en die postmodernisme wat alles bevraagteken, sekerhede ondermyn en aandag vra vir paradokse. Die evangelie dwing ons ook weg van mensgemaakte sekerhede. Die evangelie help ons om geen struktuur, ook nie kerklike strukture nie, te verabsoluteer nie. Die evangelie help ons om ook ’n bietjie speels met die werklikheid om te gaan, want Jesus het opgestaan en Hy kan enige oomblik sorg vir ’n verrassende wending.

Van Niekerk (2009:323) verduidelik verder wat Müller onder opstanding verstaan.

In die boek *Opstanding* beskryf Müller sy standpunt meermale as postmodern. Dit is ’n belangrike leidraad in ons poging om die kritiek op hom, en sy verweer daarteen, te posisioneer in die groter teologie debat – en om die teologiese fakulteit te posisioneer in ons Suider-Afrikaanse konteks. Tog is dit nie so ’n maklike leidraad om te volg nie. Die term kom ook voor in die debat tussen die teologie en die natuurwetenskap, in die bundel wat hierbo genoem is. Daar word dit as volg beskryf: sommige teoloë, die objektiviste, aanvaar die geldigheid van die natuurwetenskaplike denke en redeneer dat die dinge waarin die kerk glo, byvoorbeeld die opstanding van Jesus, op een of ander manier objektief, natuurwetenskaplik, waar is. Die vraag aan Müller, of hy die histories-fisieke opstanding bely, klink na so ’n objektivistiese vraag. Dit lyk ook of dit is waarteen hy beswaar maak. Die subjektiviste aanvaar die natuurwetenskaplike benadering eweneens, maar beweer dat die opstanding in die gemoed van die gelowiges plaasvind en daarom nie bots met die natuurwetenskaplike denke nie.

Daar is egter diégene wat juis hierdie sieninge as problematies aandui. Hofmeyr (2013:8) skryf byvoorbeeld:

Een van die argumente waarvoor Müller bekendheid in die NG Kerk verwerf het, is die teorie dat die belydenisskrifte (en ook die HK) ’sober’ en ’ekonomies’ met die opstanding van Jesus omgaan. In sy boek, *Opstanding*, skryf Müller dat hy protesteer teen wat hy beskou as die byvoeg van woorde soos ’fisiek’ of ’liggaamlik’. Dit, oordeel hy, doen afbreek aan die ’misterie-karakter’ van die opstanding en staan in die teken van ’n evangeliese fundamentalisme (Müller, 2006:10).

Hofmyer (2013:8) bevraagteken Müller se interpretasie van die opstanding volledig. Die volle betekenis van die opstanding word juis deur die belydenisskrifte bevestig:

In die Skrif word die liggaamlike opstanding van Christus (en van gelowiges in die toekoms) onlosmaaklik met ons heel eenvoudigste en basiese belydenis verbind. In Romeine 8:11 beskryf Paulus dat gelowiges se sterflike liggeme op grond van Christus se opwekking weer lewend gemaak sal word; en in Romeine 10:9 verklaar hy, ’As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou

hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.' In hierdie belydenis lê die allerheiligste kern van ons geloof asook ons verlossing, met die gepaardgaande ryk implikasies daarvan. Dieselfde fokus op die liggaamlike opstanding en die implikasies daarvan vind 'n mens aangrypend in HK, Sondag 17 en 22.

Dit is duidelik dat Müller se denke ook verskuiwings ondergaan het. Waar hy nog volledig postmodernisties dink in sy boek *Opstanding* (Müller, 2006) verskuif hy na postfondamentalisme waar hy beweer dat dit nie volledig relatief is nie maar 'Ubuntu' omhels (Müller, 2023; Meyer, 2024). Dit neem hom na panenteïsme.

Hunsinger (2004:153) beskryf drie benaderings tot die opstanding van Jesus, naamlik 'n historiese benadering, 'n spirituele benadering en 'n eskatologiese benadering. Die transendente aspek van die opstanding is soms oor-gehistoriseer (Pannenberg, 1972). Die eskatologiese benadering, veral by Barth (1962) erken dat die samevoeging van die historiese en eskatologiese die opstanding van Jesus uniek maak. Die wonder van die opstanding hang saam met Jesus se persoon. Die teenkanting teen die fisiese opstanding van Jesus spruit uit die teenkanting teen sy fisiese, liggaamlike bestaan. Maar God openbaar Homself in Jesus. Hy word volledig mens en staan op as mens ná sy dood sonder om sy Godheid prys te gee. Volgens 1 Korintiërs 15 is dié heerlike opstanding op 'n nuwe wyse waarin die opstanding van die mens ook bevestig word. Die mens self beleef egter die opstanding volledig. Daarin kan die opstanding ook volledig vanuit die *Apostolicum* bely word. Dus skryf Janssen (2023:9):

Christ is not only exceptional in regard to his human nature but also in regard to his divine being. On the one hand, Christ alone demonstrates and manifests the salvific operation which the whole trinity inseparably operates.

5. Slotbeskouing

Van Wyk (2016:5) bevestig 'n besondere waarheid:

Geloof is nie net 'n vae gevoel dat daar 'n 'Goddelike wese' bestaan nie, maar geloof in die Vader, Seun en Heilige Gees. Hierdie geloof word tot uitdrukking gebring in die na-sê van die *Apostolicum*. Dit gaan ook nooit om die blote na-praat van die voorgeslagte nie, maar om steun op 'n raamwerk, waaroor daar 'n eeue lange konsensus bestaan.

Die *Apostolicum* is die uitdruk van geloof deur die eeue. Dit is 'n belydenis wat in die kerk se hart leef en moet die hele lewe van die gelowige omvat. Juis in die uitdagende tye van vandag is dit nog uiters relevant. Dit is geen

agterhaalde belydenis nie. Die stem van die apostels word daarin gehoor; dit bevestig ons geloof in ons liefdevolle lewende Vader.

Bibliografie

- ANTHONY, M.J. 2019. The heart of God and the church. *Bibliotheca Sacra*, 176(704):387-399. Beskikbaar by: <https://www.galaxie.com/article/bsac176-701-02> (Besoek op 3 Junie 2024).
- BARRON, J.R. 2023. God as motherly father and fatherly mother. *Priscilla Papers*, 37(3):20-23. Beskikbaar by: <https://www.galaxie.com/article/pp37-3-06?highlight=1%20samuel> (Besoek op 3 Junie 2024).
- BARTH, K. 1962. *Credo*. New York, NY: Charles Scribner’s Sons.
- BUITENDAG, J. 2009. Descendit ad [in] inferna: A matter of no small moment in bringing about redemption. *HTS Theological Studies*, 65(1):1-8. Beskikbaar by: <https://doi.org/10.4102/hts.v65i1.273> (Besoek op 5 Augustus 2023).
- BURRIDGE, R.A. 2004. And in Jesus Christ His only Son Our Lord. In: Van Harn, R.E. (Red). *Exploring & Proclaiming the Apostles’ Creed*. Grand Rapids, MI: Eerdmans. pp. 55-72.
- CULP, J. 2023. *Panentheism*. Stanford Encyclopedia of Philosophy, 24 April. [Online]. Beskikbaar by <https://plato.stanford.edu/entries/panentheism/>. [25 Oktober 2024.]
- DREYER, W.A. 2015. ’n Heilige, algemene kerk. *HTS Theological Studies*, 71(3):1-8. Beskikbaar by: <https://doi.org/10.4102/hts.v71i3.2826> (Besoek op 5 Augustus 2023).
- GAME, W.M. 2021. The missionary God in the Apostles’ Creed: How did the Apostles’ Creed portray a missionary God? *Lutheran Mission Matters*, 29(2):253-264. Beskikbaar by: https://www.lsfm.global/uploads/Nov%202021/LMM%2011-21_Game.pdf (Besoek op 5 Augustus 2023).
- GONZÁLES, J.L. 2007. *The Apostles’ Creed for Today*. Louisville, KY: WJK.
- GOODER, P. 2009. *Searching for Meaning and Introduction to Interpreting the New Testament*. Louisville, KY: SPCK.
- HAMM, J.L. 2016. Descendit: delete or declare? A defense against the neo-deletionists. *The Westminster Theological Journal*, 78(1):93-116. Beskikbaar by: <https://files1.wts.edu/uploads/images/files/WTJ/WTJ%20TOC%2078.1.pdf> (Besoek op 5 Augustus 2023).

-
- HEICK, O.W. 1973. *A History of Christian Thought: Vol. 1*. Philadelphia, PA: Fortress.
- HOFMEYER, J.W. 2013. Die resepsie van die Heidelbergse Kategismus (Sondag 17 en 22) insake die opstanding in die Nederduitse Gereformeerde Kerk sedert 2000 (Deel 2). In *die Skriflig*, 47(2):1-9. Beskikbaar by: <https://doi.org/10.4102/ids.v47i2.690> (Besigtig op 10 Oktober 2024).
- HOPPE, L.J. 2004. Creator of heaven and earth. In: Van Harn, R.E. (Red). *Exploring & Proclaiming the Apostles' Creed*. Grand Rapids, MI: Eerdmans. pp. 38-48.
- HUNSINGER, G. 2004. The Third Day He Rose Again From the Dead. In: Van Harn, R.E. (Red.). *Exploring & Proclaiming the Apostles' Creed*. Grand Rapids, MI: Eerdmans. pp. 136-153.
- JANSSEN, D.B. 2023. Augustine's Enchiridion: An anti-Pelagian interpretation of the Creed. *Religions*, 14(3):1-18. Beskikbaar by: <https://doi.org/10.3390/rel14030408> (Besoek op 5 Augustus 2023).
- JENSON, R.W. 2010. *Canon and Creed: Interpretation: Resources for the use of the Scripture in the Church*. Louisville, KY: WJK.
- KELLY, J.N.D. 1972. *Early Christian creeds*. 3^{de} druk. London, UK: Routledge.
- KÜNG, H. 1993. *Credo: The Apostles' Creed explained for today*. Vertaal deur J. Bowden. London, UK: SCM.
- KÜNG, H. 2010. *What I believe*. Vertaal deur J. Bowden. London, UK: Continuum.
- LITFIN, B.M. 2021. Origins of Catholicity in the Apostles' Creed. *Journal of the Evangelical Theological Society*, 64(3):545-561. Beskikbaar by: https://etsjets.org/wp-content/uploads/2022/01/files_JETS-PDFs_64_64-3_JETS_64.3_545-561_Litfin.pdf (Besoek op 5 Augustus 2023).
- LOHSE, B. 1978. *A Short History of Christian Doctrine: From the First Century to the Present*. Vertaal deur F.E. Stoeffler. Philadelphia, PA: Fortress.
- MARSHAL, E.J. (Red). 1977. *New Testament Interpretation: Essays in Principal and Methods*. Exeter, UK: Paternoster Press.
- MEYER, J. 2024. Interview with Prof. Julian Müller: Reflections on a career in Practical Theology. *Acta Theologica*, 44(1):3-12. Beskikbaar by: <https://doi.org/10.38140/at.v44i1.8304> (Besigtig op 10 Oktober 2024).
- MOFFITT, D.M. 2017. Jesus' heavenly sacrifice in early Christian reception of Hebrews: A survey. *The Journal of Theological Studies*, 68(1):46-71. Beskikbaar by: <https://doi.org/10.1093/jts/flx085> (Besoek op 3 Junie 2024).
-

- MÜLLER, J. 2006. *Opstanding*. Wellington, RSA: Lux Verbi.
- MÜLLER, J. 2022. *Geloofsgesprekke in die Tsitsikamma*. S.I.: Malherbe Uitgewers.
- MÜLLER, J. 2023. (Practical) Theology: A story of doubt and imagination. *Verbum et Ecclesia*, 44(1):a2650. Beskikbaar by: <https://doi.org/10.4102/ve.v44i1.2650> (Besoek op 10 Oktober 2024).
- MÜLLER, J.C. 2011. Postfoundational practical theology for a time of transition. *HTS Theological Studies*, 67(1):1-5. Beskikbaar by: <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v67i1.837> (Besoek op 10 Oktober 2024).
- MÜLLER, J.C. 2013. Practical theology as part of the landscape of social sciences and humanities: a transversal perspective. *HTS Theological Studies*, 69(2):1-5. Beskikbaar by: <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v69i2.1299> (Besoek op 10 Oktober 2024).
- NAGEL, P. 2019. Problematising the divinity of Jesus: Why Jesus is not θεός. *Neotestamentica* 53(3):557-584. Beskikbaar by: <https://hdl.handle.net/10520/EJC-1adc2adb43> (Besoek op 25 Oktober 2024).
- NORRIS, R.A. 2004. I believe in God the Father Almighty. In: Van Harn, R.E. (Red). *Exploring & Proclaiming the Apostles' Creed*. Grand Rapids, MI: Eerdmans. pp. 20-31.
- PANNENBERG, W. 1972. *The Apostles' Creed in the Light of Today's Questions*. London, UK: SCM.
- RÚA PENAGOS, J.A. & TORO JARAMILLO, I.D. 2020. I believe in God: Content analysis of the first article of the Christian faith based on a literature review. *HTS Theological Studies*, 76(1):1-7. Beskikbaar by: <https://doi.org/10.4102/hts.v76i1.5470> (Besoek op 5 Augustus 2023).
- SAROT, M. 2016. Believing in God the Father: Interpreting a phrase from the Apostles Creed. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 72(4): a3287. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v72i4>. (Besoek op 5 Augustus 2023).
- SCHWEITZER, D. 2012. The Christology of John Dominic Crossan – and an alternative. *Touchstone*, 30(1):25-34.
- SPURWAY, N. 2022. What can evolved minds know of God? An assessment from the standpoint of Evolutionary Epistemology. *Zygon*, 57(1):25-45. Beskikbaar by: <https://doi.org/10.1111/zygo.12739> (Besoek op 5 Augustus 2023).
- THISELTON, A.C. 1977. Semantics and New Testament interpretation. In: Marshall, I.H. (Red.). *New Testament Interpretation: Essays in Principles and Methods*. Exeter, UK: Paternoster Press.

- TOLMIE, D.F. 1999. *Narratology and Biblical Narratives: A Practical Guide*. San Francisco, CA: International Scholars Publications.
- TOOM, T. 2022. Creed as Verbum Breviatum. *Journal of European Baptist Studies*, 22(1):143-167. Beskikbaar by: <https://doi.org/10.25782/jeps.v22i01.973> (Besoek op 5 Augustus 2023).
- VAN HARN, R.E. (Red). 2004. *Exploring & Proclaiming the Apostles' Creed*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- VAN NIEKERK, A.S. 2009. Die stryd oor die opstanding aan die Teologiese Fakulteit by UP: 'n Gesprek met Prof Julian Müller. *Verbum et Ecclesia*, 30(1):320-348. Beskikbaar by <https://scielo.org.za/pdf/vee/v30n1/16.pdf> (Besoek op 10 Oktober 2024).
- VAN WYK, I.W.C. 2016. Die funksie en doel van die Apostoliese Geloofbelydenis. *HTS Theological Studies*, 72(4):1-7. Beskikbaar by: <https://doi.org/10.4102/hts.v72i4.3497> (Besoek op 5 Augustus 2023).